

---

# 'n Woord van AFRILEX

---

Die African Association for Lexicography (AFRILEX) het vanjaar sy vierde internasionale kongres gehou en kyk met trots en dankbaarheid terug na vier jaar waarin die vereniging gegroei en sy regmatige plek ingeneem het tussen die ander leksikografieverenigings in die wêreld, organisasies soos EURALEX, AUSTRALEX, ASIALEX en die DSNA. Hierdie organisasies het AFRILEX met ope arms verwelkom en deurlopende skakeling en die uitruiling van korrespondensie vind plaas. Dit is grootliks te danke aan die doelgerigte leiding deur Rufus Gouws en harde werk deur lede van die bestuur asook entoesiastiese ondersteuning deur lede van die vereniging.

AFRILEX streef daarna om aktief betrokke te wees by alle aspekte van leksikografie hetsy prakties of teoreties. AFRILEX onderneem opleidingsinisiatiewe en ondersteun aksies wat korpusbou en die ontwikkeling van rekenaarprogramme ten doel het. Binne Suid-Afrika speel die vereniging 'n groot rol ten opsigte van woordeboekmaak vir die Afrikatale en die vestiging van woordeboekenhede vir dié tale. Gevolglik word AFRILEX gereeld geraadpleeg en staan individue en organisasies met raad en daad by.

AFRILEX is verder trots daarop om *Lexikos* as mondstuk te hê, 'n tydskrif wat plaaslik en internasionaal erken word, en AFRILEX moedig graag lede aan om artikels voor te lê vir publikasie. AFRILEX kon tot dusver daarin slaag om jaarliks 'n eksemplaar van *Lexikos* gratis aan lede te versend, en die bereidwilligheid van die Buro van die WAT om die kostes so laag as moontlik te hou word hoog waardeer.

Daar word gepoog om lede deur middel van omsendbriewe en nuusbriewe voortdurend op hoogte van die vereniging se aktiwiteite te hou asook deur middel van die tuisblad:

[www.up.ac.za/academic/libarts/afrilang/homelex.html](http://www.up.ac.za/academic/libarts/afrilang/homelex.html)

Hierdie uitgawe van *Lexikos* bied weer eens puik leesstof aan lede asook aan andere wat belang het by woordeboekmaak en woordeboekgebruik.

Danie Prinsloo

*Voorsitter: AFRILEX*

---

## A Few Words from AFRILEX

---

The African Association for Lexicography (AFRILEX) held its fourth international conference this year and looks back with pride and gratitude to four years during which the association has grown and taken its rightful place among the other lexicography associations of the world, organisations such as EURALEX, AUSTRALEX, ASIALEX and the DSNAL. AFRILEX has enjoyed a hearty welcome from these associations and liaises, as well as exchanges correspondence with them regularly. This is to a large extent to be attributed to Rufus Gouws's purposeful leadership and to the hard work done by members of the management committee, as well as to the enthusiastic support of the members of the association.

AFRILEX strives to be actively involved in all aspects of lexicography, whether practical or theoretical. AFRILEX undertakes training initiatives and supports actions aimed at corpus creation and the development of computer programs. Inside South Africa the organisation also plays a major role in respect of dictionary compilation for the African languages and in the establishment of dictionary units for these languages. As a result AFRILEX is consulted on a regular basis and supports individuals and organisations with advice and assistance.

AFRILEX furthermore takes pride in having as its mouthpiece *Lexikos*, a journal which is recognised both locally and internationally, and AFRILEX likes to encourage its members to submit articles for publication. To date AFRILEX has managed to send members a copy of *Lexikos* annually free of charge, and the willingness of the Bureau of the WAT to keep costs at a minimum level is highly appreciated.

The association attempts to keep members informed about activities by means of circulars and newsletters as well as through the website:

[www.up.ac.za/academic/libarts/afrilang/homelex.html](http://www.up.ac.za/academic/libarts/afrilang/homelex.html)

This issue of *Lexikos* once again offers excellent reading matter to its members and to those interested in dictionary compilation and dictionary use.

Danie Prinsloo

Chairperson: AFRILEX